

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 14: *Va'era* (וֵאֵרָא) : Hy het verskyn

Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie? Ex. 6:3(2) PWL – Vertaling¹.

Torah: Exodus 6:2 tot 9:35.

- ❖ **Ex. 6:2(3)** – *El Shaddai*.
- ❖ **Ex. 6:5 en 6** – Redding en verlossing
- ❖ **Ex. 7:1 en 2** – God en Profeet.
- ❖ **Ex. 7:3** – Hardheid van hart.
- ❖ **Ex. 7:5** – Die tien plae en die eindtye.

Haftorah: Eseg. 28:25 tot 29:21 – YHVH is God.

B'rit Chadashah: Matt. 12:1 tot 14; Mark. 12:26 en 27; Luk. 20:37 en 38; Joh. 8:58; Hand. 7:7, 17 en 35; Rom. 5:3; Rom. 9:14 tot 17; Rom. 12:12; Hebr. 11:23 tot 27; 1 Kor. 3:11 tot 15; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Open. 18:1 tot 8.

Israel was the canvas on which YHVH was going to write His Torah – Anonymous

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Midrash (Torah Bespreking)

Dit is noodsaaklik om die gebeure van die uittog uit Egipte voortdurend in herinnering te roep en nie net tydens pesag (paasfees) nie. As dissipels (Torah-gehoorsame volgelinge) van Yeshua weet ons dat Moses 'n heenwysing 'n sinnebeeld van die eerste koms van Yeshua ons Messias is. Yeshua het gekom om ons van die slawejuk en skuldias van sonde te bevry, en ons uit ons wêreldsgesindheid (Egipte) te lei, sodat ons as geregverdigdes van YHVH Yeshua in gehoorsaamheid aan Torah kan lewe.

Tweedens moet ons verstaan dat die tien plaë, tesame met die uittog uit Egipte, ook 'n heenwysing na eindtydgebeure is. Dit dien as herinnering dat die einde deur die begin bekend gemaak word (Jes. 46:9 en 10).

Hierdie parashah is ook 'n herinnering dat YHVH die getroue Verbondsgod is, asook 'n God van genade en oordeel (Deut. 7:9 en 10)! YHVH is ewe getrou aan die seëninge van die verbond wat volg op gehoorsaamheid aan Torah as wat Hy is aan die oordele (vloeke) wat die gevolg van ongehoorsaamheid is (Deut. 7:12; Deut. 28:1, 2 en 15). Selfs met die tien plaë sien ons nie net YHVH se oordeel nie, maar ook Sy genade! As El-Olam (Die Ewige Magtige God) kon YHVH die Egiptenare in een oomblik uitgewis het! Maar YHWH was nie daarop uit om Egipte te vernietig nie, maar om hulle eerder 'n kans te gee om deur YHVH se magsvertoon in Hom – die God van Israel – te glo. Hierdie magsvertoon van YHVH was egter ook 'n herinnering en bewys van YHVH se liefde vir Israel en dat Hy die getroue Verbondsgod is!

Eweneens kon YHVH vir Israel in een oomblik uit Egipte 'weggeruk' (weggeraap) het. Die tien plaë, sommige waarvan hulle direk geraak het en ander waarvan hulle bonatuurlik beskerm was, was die toets van vertroue in YHVH en geleentheid vir 'n finale keuse van wie om te dien – Egipte (die wêreld) of YHVH die God van Abraham, Isak en Jakob!

Egipte was die verhoog van waar YHVH se Naam op die hele aarde verkondig kan word. Juis vir die doel het YHVH toegelaat dat Farao nog bestaan (Ex. 9:16; Rom. 9:17). Die bedoeling van die tien plaë was nie net om Egipte te oordeel nie, maar dat hulle sou beseft dat YHVH die Enigste en Ware Lewende God is (Ex. 7:5 en 16; Ex. 8:10 en 22; Ex. 9:14, 16 en 29). Volgens hierdie Skrifgedeeltes leer ons dat YHVH die volgende waarhede aan Farao en Egipte wou tuisbring:

- ❖ Die God van Israel is YHVH (Ex. 7:5 en 16)
- ❖ Daar is geen ander God as YHVH en soos YHVH nie (Ex. 8:10; Ex. 9:14)
- ❖ Dat Egipte ook aan YHVH behoort (Ex. 8:22)
- ❖ Dat Egipte bestaan sodat YHVH verheerlik kan word (Ex. 9:16)
- ❖ Dat Egipte sal weet dat die hele aarde aan YHVH behoort (Ex. 9:29)

Exodus (*Sh'mot*) is die eerste stap in die vestiging van YHVH se Koninkryk hier op aarde. MAAR die Koninkryk van God moet gesien word as 'n huis (huishouding) met 'n eggenoot (Yeshua; Bruidegom, man) en 'n eggenote (Israel, bruid, vrou) [Onthou: Die twee huise van Israel, Juda en Efraim, moet een word – Eseg. 37:16 tot 22]. Daar is dus 'n Vader (YHVH) met

kinders wat hulle moet onderwerp aan die huisreëls (Torah) van die Vader. Hierdie feit het ons in parashah 1 bespreek met verwysing na Gen. 1:1, naamlik;

Die eerste letter van die eerste woord van Torah is *bet/vet* (ב) en beteken *huis* of *tent* (letterlik) en *huishouding*, *hoof van die huis* en *koning op 'n troon* (simbolies). Die letter *bet* is dus 'n sinnebeeld van 'n huis en 'n huishouding en die Vader van die huis, asook van 'n koning en koninkryk. Hierdie huis en huishouding sinspeel dus op die huis van YHVH en dus op die tempel (tabernakel) en die feit dat ons die tempel van YHVH is.

Die gedagte van 'n huishouding van liefde en 'n liefdesverhouding tussen Bruidegom en Bruid, en Vader en kinders, is dus nie vreemd nie. Die vraag is of ons YHVH Yeshua waarlik ken, want dit is die sleutel tot die ewige lewe (Joh. 17:3).

Indien ons YHVH nie waarlik ken nie, loop ons gevaar om:

- ❖ YHWH as Persoon te misken en daarom verstaan ons nie dat Hy as Vader-God ook eienskappe het wat tipies van die mens is. Ons is immers na Sy beeld geskape!
- ❖ YHVH ons gelyke te maak – ons oorvermenslik YHVH en op die wyse verloor ons die nodige eerbiedige ontsag (vrees) vir Hom, asook van die besef dat Sy Grootheid en Almag vêr bo ons menslike verstand is

Hoewel YHVH eienskappe (hoedanighede) het waarmee ons kan identifiseer en begrip voor het, moet ons besef dat hierdie insig waaroor ons beskik steeds baie beperk is. Om Yeshua as maatstaf (verwysing; standaard) te gebruik, is 'n groot hulp tot beter kennis en begrip van die Vaderhart. Yeshua is die afskynsel (weerkaatsing) van YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die afdruksel van Sy wese (Heb. 1:3).

Ons moet voortdurend besef dat YHVH Afgesonder (Heilig) is met ewigheidskwaliteite en onveranderde standarde en Sy Woord (Torah) is die ewige Waarheid. YHVH Yeshua is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8)! By Hom is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17). Daarom sal YHVH se Verbond en Sy instruksies vir 'n Verbondsverhouding (Torah) nooit verander of tot niet gaan nie! YHWH was en is tot in ewigheid onveranderbaar!

In hierdie parashah leer ons ook meer oor die doel en betekenis van 'n verbond. Onthou YHVH se verhouding met die mens was, is en sal altyd 'n verbondsverhouding wees!

Bepeins of Bespreek

1. Hoekom is dit dat vroue geestelik meer ontvanklik vir die Evangelie is as mans? Is dit nie omrede mans die gedagte om die bruid van Yeshua te wees (onbewustelik) vreemd vind nie? Is dit vir mans dalk vreemd om 'n liefdesverklaring aan YHVH Yeshua te maak? Sommige mans 'sukkel' om selfs 'n liefdesverklaring aan hulle eggenote (Godgegewe hulp) te maak!

Ex. 6:2(3) – El Shaddai (אֱלֹהֵי שָׁדַי)

Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie?

Ex. 6:3 – PWL Vertaling.

Die letterlike betekenis van die Hebreuse woord *El* beteken *Magtige*, maar dit word slegs gebruik met verwysing na die enigste ware God, YHVH, en selde na ander afgod wat deur mense aanbid word nie.

Ander voorbeelde waar *El* gebruik word, is ondermeer die volgende:

- ❖ *El-Elohei Yisra'el* – Die Magtige God is die God van Yisra'el.
- ❖ *El-Elyon* – Die Allerhoogste, Magtige God
- ❖ *El-Gibbor* – Die Magtige God van krag
- ❖ *El-Olam* – Die Ewige Magtige God

In die meeste vertalings van Ex. 6:2(3) word die Hebreuse *shaddai* slegs as die *Almagtige* vertaal. Indien die samestelling van die woord egter ondersoek word, sien ons dat dit bestaan uit *sha* (wie) en *dai* (genoeg; Hy wat in Homself genoeg is; voldoende is; in staat is). Die Hebreuse woord *shad* (*shadayim*), beteken ook *die bors* (*borste*) waaraan die *suigeling drink* (Jes. 60:16; Jes. 66:10 tot 13) en verwys dus ook na *voeding, voorsiening, versadiging en tevredenheid*. Daarom kan die betekenis van *El Shaddai* gegee word as *Die Magtige God wat meer as genoeg is*. In die verband skryf Gerrie Coetzee in sy boek *God van die Verbond* (bladsy 42 – www.padwlewe.ch) die volgende:

Die volle Naam, El-Shaddai, word net in verband met Avraham (Gen. 17: 1), Yitz'gak (Gen. 28:3) en Ya'akov (Gen. 35:11; 43:14; 48:3) en in verwysing na al drie, (Eks 6:3) gebruik. Van die begin af het יהוה vir Sy volk van die Verbond gesê dat Hy meer as genoeg is in alle opsigte. Hy is 'Yireh' – wat voorsien, maar Hy is baie meer; Hy wat meer as genoeg is in alle opsigte.

Die woord Shaddai kom voor as God se Naam in die verhale van Bil'am (Num 24:4,16), in poëtiese dele (Yes 13:6; Yeg 1:24; Yo'el 1:15; Ps 68:15; 91:1; en 31 keer in Iyov), asook in prosa (Rut 1:20–21). Meer nog, Shaddai is 'n element in ou Yisra'el se name, soos 'Ammishaddai ("Volk van Shaddai"; Num. 1:12) en Tzurishaddai ("My Rots is Shaddai"; Num. 1:6).

YHVH is die Almagtige wat ons voed, ons van alles voorsien, ons beskerm en ons bevredig (versadig)! Ten einde YHVH as die Magtige God wat meer as genoeg is te ervaar, moet ons eerstens ons eie totale onvermoë besef. Ons moet onself dus ledig van die eie-ek sodat Hy ons kan vul en Hy ons *El Shaddai* kan wees.

To experience God's sufficiency, we must realize our own insufficiency!

Die Boom van die Lewe is die 'El Shaddai-boom', ook genoem die YHVH-sal-voorsien-boom! Maar die boom van kennis van goed en kwaad is die 'ek-moet-self-voorsien-boom'. Daarom: Voor die sondeval het Adam en Eva vir YHVH as El Shaddai ervaar – die Een wat in al hul behoeftes van gees, siel en liggam voorsien – Die Alvoorsienende-God. Na die sondeval moes Adam en Eva selfvoorsienend wees! Hulle het van die realm van meer as genoeg verval tot die realm van behoeftiges, naamlik geestelike en fisiese armlastiges!

Bepeins of Bespreek

1. As die nageslag van Abraham is ons ook *Ammishaddai* (Volk van Shaddai – Num. 1:12) en is Yeshua ons *Tzurishaddai* (My rots is Shaddai – Num. 1:6)! Vertrou ons, en ken ons, YHVH as *El Shaddai* – Die Een wat in alle opsigte meer as genoeg is? Is ons dankbaar genoeg vir alles wat Hy voorsien – hoe baie of hoe min dit ook mag wees – of begeer ons nog meer gemaksug en voorspoed en kla ons oor dit wat ons het en oor dit wat ons is?
2. Het Moses hoegenaamd aan sy behoeftes en begeertes gedink toe hy in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van YHVH gestaan het (Ex. 33:18 en Ex. 34:6 tot 9)? Begeer jy, om soos Moses, in Vader-God se Teenwoordigheid te staan of begeer jy net na Sy seëninge van voorspoed om jou lewe hier op aarde te vergemaklik?
3. Ten opsigte van bogenoemde is die volgende die moeite werd om te bepeins:
 - ❖ *The happiest people don't necessarily have the best of everything. They just make the best of everything. Anonymous.*
 - ❖ *God did not save us to make us happy, He saved us to make us holy - Jerry Benjamin.*
 - ❖ *Western culture has things a little backwards right now. We think that if we had every comfort available to us, we'd be happy. We equate comfort with happiness. And now we're so comfortable we're miserable. There's no struggle in our lives. No sense of adventure. We get in a car, we get in an elevator, it all comes easy. What I've found is that I'm never more alive than when I'm pushing and I'm in pain, and I'm struggling for high achievement... - Dean Karnaze*
 - ❖ *Dit is onmoontlik om 'n ware kryger (soldaat) vir Yeshua te wees sonder om na die oorlogsfront opgeroep te word!*
4. Spr. 18:10 – *Die Naam van YHVH is 'n sterk toring, die regverdige hardloop daarin en word beskut.* Satan weet wat dat die ware Naam van die Enigste Ware Lewende God YHVH is, maar talle Christene ken nie hierdie Naam nie! Daarom sal talle Christene ook soos Farao vra: *Wie is YHVH na wie se stem ek moet luister...Ek ken YHVH nie....* (Ex. 5:2).
5. Volgens die geskiedenis het die apostels, met die uitsondering van Johannes, 'n geweldadige dood weens hul geloofortuiging gesterf! In die lig hiervan is die vraag of die voorspoedleer (*prosperity teaching*) die waarheid of 'n leuen is? Is ons beter as die Apostels? Was die Apostels se maatstaf vir 'n lewe in oorfloed (Joh. 10:10b) materieël of geestelik? Vergelyk jouself met die apostels ten opsigte van toewyding, Torah-gehoorsaamheid, bereidwilligheid om op te offer, eie belange prys te gee, ensovoorts. Skiet ons almal nie nog maar vêr te kort nie?

Ex. 6:5 en 6 – Redding en Verlossing

..en Ék het ook die gesug van die kinders van Yisra'el gehoor wat deur die Egiptenare in slawerny gehou word en Ek het My verbond onthou. Daarom, sê aan die kinders van Yisra'el: 'Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Egiptenare uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm en deur groot oordele (PWL Vertaling).

YHVH het nie vir Israel van die Egiptiese slawejuk bevry om van hulle slawe van die wet (Torah) te maak nie, maar om van Israel 'n bruid te maak! Hierdie uitnodiging tot die huwelik – die verlowing – het by die berg Sinai plaasgevind toe YHVH die huwelikskontrak (*ketuba*), naamlik die wet (Torah) aan Israel aangebied het. YHVH het Israel dus van die slawejuk bevry (losgekoop) sodat Hy vir hulle kan beskerm en kan versorg soos 'n Bruidegom sy bruid sal beskerm en versorg.

Israel is losgekoop (gered) deur geloof in die geslagde pesaglam en die bloed van die lam aan die deurkosyne. YHVH se wet – die Torah wat die onderrig en instruksies van 'n liefdevolle Vader is – het Israel geleer hoe om as losgekooptes (bevrydes) te lewe en sodoende die beskerming en voorsiening van YHVH (die Bruidegom) deelagtig te wees.

YHVH het deur geloof in Yeshua ons van die slawejuk van sonde, en van ons sondeskuld, gered sodat ons deur Torah-gehoorsaamheid bevry kan word van ons verlede en gevorm kan word tot 'n nuwe mens wat gelykvormig word aan Yeshua ons Verlosser. Deur geloof word ons wedergebore en deur gehoorsaamheid word ons gelykvormig aan Yeshua Messias. Verwys Bylaag 1: *Geloof en Gehoorsaamheid* waar geloof tot redding en gehoorsaamheid tot seëninge skematies verduidelik word.

Met verwysing na Ex. 6:5(6) tot 6(7) het die gebruik ontstaan om tydens die eet van die Pesagmaal van vier bekere wyn te drink. Hierdie vier bekere is volgens die vier *Ek sal* van hierdie teksverse.

Daarom, sê aan die kinders van Yisra'el: 'Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Egiptenare uitbring en (Ek sal) julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm en deur groot oordele. Ek sal julle vir Myself as volk vat en julle God wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is wat julle uitbring onder die las van die Egiptenare.
Ex. 6:6 en 7 (PWL Vertaling)

Hierdie vier bekere simboliseer die volgende:

- ❖ *Ek sal julle onder die las van die Egiptenare uitbring* verteenwoordig die eerste **beker van Afsondering** (Heiligmaking, toewyding, *set-apartness, sanctification*).
- ❖ *(Ek sal) julle red uit hulle slawerny* verteenwoordig die tweede **beker van Oordeel** (tien plaë) wat Uitredding (Bevryding, *Deliverance*) bewerkstellig.
- ❖ *Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm* verteenwoordig die derde **beker van Verlossing** (Skuldelging, Losprysbetaling, *Redemption*).
- ❖ *Ek sal julle vir Myself as volk vat* verteenwoordig die vierde **beker van Lofprysing** of Vervollediging (Voltooiing; *Praise or Completion*). Hierdie laaste beker is 'huwelikstaal', want YHVH neem Israel as Sy bruid [In die hedendaagse huwelikeremonie word die vraag steeds gevra: *Neem jy hierdie vrou/man as jou.....?*]

Eerste Beker van Afsondering

Hierdie beker is 'n herinnering dat ons deur YHVH uitgeroep is en deur Hom afgesonder word. Deur die bevryding van die Egiptiese slawejuk het YHVH deur die bloed van die geslagde lam vir Israel uitgeroep en afgesonder om 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie te wees:

As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.

Ex. 19:5 en 6

Net so is ons deur die bloed van Yeshua Messias, die Lam van God, gered en uitgeroep en afgesonder as 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom en 'n heilige volk.

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig. 1 Pet. 2:9

Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood. Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Yeshua Messias, onse Meester.

Rom 6:20 tot 23

Hierdie beker is 'n herinnering dat ons deur die kosbare bloed van Yeshua ons Messias duur gekoop is (1 Pet. 1:19) en dat YHVH ons tot 'n lewe van afsondering (heiligmaking) uitgekies het. Soos daar geskrywe staan: *Wees heilig want ek is heilig* (1 Pet. 1:15, verwysend na Lev. 11:44).

Tweede Beker van Oordeel wat Uitredding bewerkstellig

Die tweede beker verteenwoordig die beker van oordeel soos deur die tien plae uitgebeeld word en wat uiteindelik die uitredding (redding) van Israel bewerkstellig het.

Want YHVH sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal YHVH by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie. Onderhou dan hierdie saak as 'n insetting vir jou en jou kinders tot in ewigheid. En as julle in die land kom wat YHVH aan julle sal gee soos Hy beloof het, moet julle hierdie diens onderhou. En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar? Dan moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan YHVH, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het.

Toe het die volk in aanbidding neergebuig. Ex. 12:23 tot 27

Ons lees ook in Ex. 13:8 tot 10 die volgende:

En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat YHVH aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het. En dit moet vir jou as 'n teken wees op jou hand en 'n gedenkteken tussen jou oë, sodat die wet van YHVH in jou mond mag wees; want deur 'n sterke hand het YHVH jou uit Egipte uitgelei. Daarom moet jy hierdie insetting onderhou op die daarvoor bepaalde tyd, van jaar tot jaar.

Pesag is 'n herinnering van YHVH se liefde en reddende genade. Dit moet ook 'n herinnering wees dat ons saam met Yeshua gekruisig is en saam met Hom opgestaan het as 'n nuwe mens om in Torah-gehoorsaamheid te wandel (Rom. 6:1 tot 14).

Die tweede beker wat ons drink is dus 'n herinnering aan die oordele (tien plae) wat YHVH oor Egipte gebring het en as 'n herinnering dat in Yeshua is ons eie sonde geoordeel en gestraf. Die tien plae is 'n herinnering dat wanneer die mens teen YHVH die Almagtige se wil handel (sondig) is die gevolg oordeel en straf. So herinner ons, onself daaraan dat die loon van die sonde die dood is. Die Psalmidigter sê: My beker loop oor (Ps. 23:5). 'n Beker wat oorloop simboliseer oorfloed en vreugde. Die mens wat nie in die weë van die Almagtige wandel nie, se beker sal nie oorloop nie!

Deur die kragtige hand van YHVH het Hy Israel gered. Elkeen wat in hulle huise waar die bloed van die Paaslam aan die deurkosyne gesmeer was, en daarmee saam ongesuurde brode en bitterkruid geëet het, was gered en het Egipte as bevry van die slawejuk verlaat. YHVH het Israel deur die Rooisee gelei, aan hulle water en manna voorsien, die Shabbat as rusdag gegee en by die berg Sinai vir hulle Torah gegee – YHVH se onderrig en instruksies, en waarin ondermeer die belofte van die verlossing deur Yeshua in opgeteken is.

Ons kan waarlik YHVH loof en prys dat Hy op 'n bonatuurlike wyse ons voorgeslagde, en inderwaarheid onself, gered het deur die sondes van Farao te oordeel en so ook ons eie sondes in Yeshua Messias geoordeel het, sodat ons vry van sondeskuld Hom kan dien. Israel is bevry deur die dood van die eersgeborene. Ons is bevry deur die dood van YHVH se eersgeborene, Yeshua ons Messias.

Derde Beker van Verlossing

Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm (Ex. 6:6). Israel is losgekoop deur die bloed van die geslagde lam – hulle skuld was gedelg want die losprys was betaal. Dit was die begin van 'n nuwe lewe as vrywillige dienaars van hulle Redder.

Die aand toe Yeshua die Pesagmaal saam met sy disippels gedenk het, het Hy die derde beker geneem toe Hy verklaar het: *Hierdie beker is die nuwe verbond in my bloed* (1 Kor. 11:25). Die derde beker is dus die beker van die hernieude (nuwe) verbond en 'n afbeelding van die kosbare bloed van die Lam van God wat die waarborg van die hernieude verbond is. Dit is die kosbare bloed van ons sondevergifnis. Die bloed waarmee ons duur gekoop is.

Ons is losgekoop sodat ons Vader-God in Gees en in waarheid (Joh. 4:23 en 24) volgens Sy onderrig en instruksies kan dien. Daarom moet ons, ons liggame aan YHVH beskikbaar stel as 'n lewende, afgesonderde en welgevallige offer om 'n vernuwing van ons wil, gedagtes en emosie te ondergaan (Rom. 12:1 en 2).

Vierde Beker van Lofprysing

Die vierde beker van lofprysing (voltooiing, vervollediging) verteenwoordig die belofte dat YHVH die hele Israel, naamlik die huis van Juda (Jode) en die huis van Efraim (nie-Jode) in Yeshua sal verenig en as Sy bruid sal aanneem. Dit is ook die belofte van die nuwe Jerusalem van waar Messias sal regeer.

En as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen YHVH jou God jou verdryf het, en jy jou tot YHVH jou God bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, dan sal YHVH jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen YHVH jou God jou verstrooi het. Al was jou

verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal YHVH jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal. En YHVH jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders. En YHVH jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om YHVH jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe. Deut. 30:1 tot 6

Ons kan mekaar bemoedig met die woorde in Open. 22:1 tot 5:

En hy het my getoon 'n rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van Elohiem en van die Lam. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van Elohiem en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. En daar sal nie meer nag wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat Yahweh Elohiem hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

Ons almal het 'n blye versekering en verlange na die wederkoms van Yeshua ons Messias wanneer ons almal saam die Pesag in die nuwe Jerusalem sal vier!

Opsomming: Pesag is dus 'n herinnering aan wedergeboorte deur geloof. Dit is ook 'n herinnering dat YHVH die sonde nie ongestraf sal laat nie, maar ook 'n herinnering aan die genade van sondevergifnis in Yeshua. Dit is 'n herinnering dat YHVH ook ons El Shaddai wil wees! Dit is 'n herinnering dat YHVH vertrou in Yeshua die Pesaglam van ons vereis, asook gehoorsaamheid aan Torah!

Bepeins of Bespreek

1. Hoewel beide die woorde *redding* en *verlossing* gebruik word om te verwys na ons redding en verlossing deur geloof in Yeshua ons Redder en Verlosser, is daar tog 'n verskil tussen hierdie twee gebeurtenisse. Deur geloof in Yeshua as die Pesaglam (sondoffer) word ons gered van die loon van die sonde, naamlik die dood (Rom. 6:23), maar deur gehoorsaamheid aan Torah word ons verlos van ons verlede van Torah-**on**gehoorsaamheid (sonde) en geleer hoe om as geregverdigde (een wat gered is) te lewe om YHVH se seëninge deelagtig te wees. Ons moet verlos word van ons selfsugtige wil, denke en emosie en beklee word met Vader-God se denke, wil en emosie. Is dit wat Petrus bedoel het met die woorde: *die eindoeel van julle geloof, die saligheid van julle siele* (1 Pet. 1:9)? Torah-gehoorsaamheid is die proses van bevryding en heiligmaking (afgesonder as uitgeroepene)!
2. Onthou: Faraó was daarop uit om Israel te vernietig. Is dit nie wat Satan probeer doen nie? Lees Joh. 10:10 en 1 Pet. 5:8 in die verband. Hoe wil Satan ons vernietig? Deur taakmeesters van dwangarbeid om sonde te doen? Wat is die moderne samelewing se taakmeesters? Pornografie, dwelms, alkoholmisbruik, materialisme, selfsug, onvergeeflikheid, ensovoorts?
3. Hoe weerstaan en oorwin ons Satan? Lees Jak. 4:7 en let op die volgorde! Kan ons Satan effektief weerstaan indien ons ongehoorsaam aan Torah is?

Ex. 7:1 en 2 – God en Profeet

En YHVH het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Faraó, en jou broer Aäron sal jou profeet wees.

In die oë van Farao was Moses en Aäron soos ‘n god en profeet, want alles wat hulle gespreek het, het gebeur. Moses was slegs ‘n god vir Farao en nie vir Israel of die wêreld nie. In die opsig was Aäron ook ‘n profeet vir Farao, want hy het die woorde van Moses, wat god vir Farao was, gespreek. Hierdie is die bloudruk (sinnebeeld, afbeelding) van die verhouding tussen YHVH en Sy profeet, naamlik die profeet spreek die woorde van YHVH sy God. Verwys ook Ex. 4:15 en 16.

In Genesis het YHVH met en deur die vaders gespreek, maar nou stel YHVH die bediening van die profeet in. ‘n Profeet is die woordvoerder en spreekbuis van YHVH en sal daarom eensgesind (in harmonie) met Torah wees. Waar daar nie eensgesindheid tussen Torah en profeet is nie, is dit ‘n vals profeet wat die woorde van ‘n vreemde god spreek! Die ware profeet spreek dus in die Karakter en Outoriteit, derhalwe in die Naam, van YHVH. Moses was so ‘n profeet! Daarom is Moses die heenwysing na Yeshua.

In Deut. 18:18 en 19 lees ons die belofte van YHVH se Groot Profeet, naamlik Yeshua die Messias:

‘n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis.

As Profeet is Yeshua ook die Woordvoerder van YHVH wat in die Karakter en Outoriteit van YHVH optree en in alle opsigte eengesind (in harmonie) met Torah is. Elkeen wat nie luister na die woorde (Torah) van Yeshua wat Hy in die Naam van YHVH spreek, van hom sal YHVH self rekenskap afeis. Met die wederkoms sal Yeshua hierdie bediening as Profeet voortsit.

Israel van ouds het die profesie geken van die profeet soos Moses wat sal kom. Daarom het die Jode vir Johannes gevra (Joh. 1:22): *is u die profeet?* Daarmee het hulle verwys na Deut. 18:18 en 19. Israel van ouds het ook geweet dat hierdie Profeet, net soos Moses, met tekens en wonders sou kom. Torah leer ons dus hoe om die ware Messias te herken, naamlik:

- ❖ Hy sal erken word aan die tekens en wonders wat Hy in die Naam van YHVH sal doen, maar, baie belangrik,
- ❖ Hy sal **slegs** die woorde (die Torah) van YHVH spreek! ‘n Ware profeet is Torah-gehoorsaam!

Yeshua sal dus weer as profeet kom in die Karakter en Outoriteit van YHVH om die woorde (evangelie, Torah) van YHVH te spreek en met gepaardgaande tekens en wonders. Met die wederkoms sal Yeshua in die Karakter en Outoriteit van YHVH die Koning, Hoëpriester en Profeet wees. Hy sal die spreekbuis wees van die Vader van ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie (Jak. 1:17)

Bepeins of Bespreek

1. Hoe kan ‘n vals profeet identifiseer word? Verwys Deut. 13:1 tot 5. Hoe sal die vals profeet van die eindtye erken kan word? Sal hy nie ook, soos die Antimessias, woorde spreek wat nie eensgesind met Torah is nie? Verwys Matt. 24:5, 11 en 24. ‘n Vals profeet spreek die woorde van sy god, en nie die woorde van YHVH-God nie!

2. Die ‘groot opdrag’ in Matt. 28:19 en 20, asook in Mark. 16:15 tot 20, behels om in die Karakter en Outoriteit (die Naam) van YHVH te gaan en die evangelie van redding en gehoorsaamheid (Torah, verlossing) te verkondig, en dan sal YHVH saamwerk deur tekens en wonders (Mark. 16:20). Om die mense te leer om alles wat Yeshua gespreek het, te onderhou, is om die mense Torah te leer! Wat is die vals evangelie wat deur baie kerke verkondig word? Leer die meeste kerke ‘n Torah-gehoorsame leefwyse?

Ex. 7:3 – Hardheid van hart

En Ék sal Farao se hart verhard en my tekens en wonders in Egipteland vermenigvuldig.

Die gedagte dat die tien plae nie net YHVH se oordeel (strafgerigte) is nie, maar ook van YHVH se genade getuig, maak nie sin in die lig van die feit dat YHVH sê dat Hy Farao se hart sal verhard nie. Tien keer lees ons dat YHVH die hart van Farao sal verhard (Exodus 4:21, 7:3, 9:12, 10:1, 20, 27; 11:10; 14:4, 8, 17). Wanneer hierdie ‘toestand’ (gesindheid) van Farao se hart beskryf word, word die woord *verhard* telkens gebruik, maar volgens die Hebreeus word inderwaarheid drie verskillende woorde gebruik, naamlik:

- ❖ *chazaq* (*chet, zayin, qof*), wat *versterk* (*sterk maak*) beteken.
- ❖ *kaved* (*Kaf, vet, dalet*), wat *dwaas, bot, swaar, hard en bedroef* beteken.
- ❖ *qashah* (*Qof, Shin, Hey*) wat *dig, taai, swaar, wreed, hardkoppig en hardnekkig* beteken.

In Ex. 7:3 word *qashah* gebruik en in Ex. 10:1 word *kaved* gebruik, maar in al die ander teksverse word die woord *chazag* gebruik wat *versterk* beteken. Derhalwe sê Torah agt keer vir ons dat YHVH die hart van Farao sal versterk! Met ander woorde, dit wat in Farao se hart was, naamlik die gesindheid en ‘toestand’ van sy hart, was deur YHVH versterk (sterk gemaak). Farao se hardheid van hart was dus verder verhard. Sou Farao egter ‘n harts-gesindheid van berou getoon het, sou hierdie gesindheid wel ook deur die genade van YHVH versterk geword het. Die tien plae was waarskuwings en die doel was juis om Farao se hart te ‘versag’.

Die mens se harts-gesindheid bepaal hoe daar op YHVH se Woord (Torah) gereageer sal word. Dit kan vergelyk word met potklei en kerswas wat in die son geplaas word. Dit is dieselfde son, maar die resultaat is teenoorgesteldes – potklei word hard en die kerswas smelt. So kom dieselfde Woord van God na die mens, maar die een se hart word daardeur verhard, terwyl die ander se hart sag word. Dit is dieselfde Woord, maar dit het teenoorgestelde reaksie tot gevolg – ‘n reaksie volgens die mens se eie keuse. Die doel van die tien plae was juis om Farao se hart te versag – nie te verhard nie!! Verwys Spr. 28:14 – *Gelukkig is die mens wat gedurigdeur vrees; maar hy wat sy hart verhard, sal in die onheil val.* YHWH was nie daarop uit om Egipte te verwoes nie, maar om hulle eerder ‘n kans te gee om hulle tot Hom te bekeer, terwyl Hy Sy krag en Sy bedoelinge aan Sy geliefde volk demonstreer!

Farao se hart was dus deur sy eie keuse verhard gewees. Dit is dus nie YHVH wat Farao se hart verhard het nie. YHVH verander nie die gesindheid van Farao (of van enige mens) nie, maar versterk slegs die gesindheid wat in die hart is, sodat dit aan die lig sal kom. Waar ons lees dat Farao sy eie hart verhard het (Exodus 8:15; 8:32 en 9:34) word die woord *kaved* gebruik. Hiervolgens is dit duidelik dat Farao self verantwoordelik was vir die verharding van sy hart en

dat YHVH bloot die keuse van Farao versterk het. Hardheid van hart, met ander woorde hartsgesindheid, is die mens se eie keuse.

YHVH het die mens geskape met die vryheid van keuse (met 'n vrye wil) en daarom sal Hy die die mens se vryheid van keuse altyd eerbiedig. Vryheid van keuse moet egter binne die wil van YHVH funksioneer. Die mens se vrye wil moet dus ondergeskik wees aan YHVH se wil. Buite hierdie realm sal God die mens se hart – die mense se keuse – versterk (verhard). Wat met Farao en Egipte gebeur het is dus net Farao se skuld.

Die doel van vrye keuse is om die mens die geleentheid te gee om deur die regte keuses nader aan sy Skepper-God te kan beweeg. Ons vryheid van keuse word volmaak wanneer ons die wil van Vader-God as ons wil aanvaar.

Die doel van YHVH se strafgerigte is om die mens tot die besef te bring van die noodsaaklikheid om sy hartsgesindheid te verander. YHVH kan nie die wil van 'n mens verander nie, maar kan deur strafgerigte en op ander wyses, soos deur tekens en wonders, probeer om die mens te beïnvloed om 'n hartsverandering te wil ondergaan. Onthou: die mens se wil is soewerein! Sou Farao deur enige van die plae of tekens en wonders uit vrye wil 'n hartsverandering ondergaan het, sou die genade van YHVH die hart van Farao versterk het. YHVH se versterkende genade sou Farao in staat gestel het om sy sonde van hardnekkigheid te bely en Israel te laat gaan het. Dan sou dit nie vir YHVH nodig gewees het om Egipte 'n ekonomiese-, 'n politieke en 'n militêre nekslag toe te dien nie.

Soos genoem kon YHVH in een oomblik en deur een enkele gebeurtenis die hele Egipte uitgewis het! Die feit dat YHVH dit nie gedoen het nie, getuig van Vader-God se liefdevolle genade. Onthou: YHVH het geen behae in die sterwe van 'n sondaar nie.

Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? Spreek YHVH-God. Nie liever daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie? Eseg. 18:23

Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek YHVH-God, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Eseg. 33:11

Dit is die begeerte van YHVH dat alle mense gered moet word en tot kennis van die waarheid kom (1 Tim. 2:3 en 4). Die besef dat YHVH geen vreugde vind in die dood van sondaars nie, dien as waarskuwing dat ons nooit verheug moet wees oor die lot of dood van die goddelose nie, insluitend ons vyande!

Ons is die diensknegte (Verbondslaaf) van YHVH en van Sy Torah om as getuienis vir die wêreld te dien. Elke mens is 'n skepsel van YHVH en daarom moet ons YHVH se liefde aan elkeen, insluitend ons vyande, demonstreer.

Dan moet ons ook onthou dat ons nie slegs terwille van onself Torah-gehoorsaam leef nie, maar ook terwille van die wêreld om ons, insluitend ons vyande. Nie alles wat met ons gebeur is terwille van onself nie! Onthou alles wat met Israel gebeur het was terwille van ons (1 Kor. 10:6). Deur Torah-gehoorsaam te lewe het ons inderwaarheid onself bereidwillig verklaar dat YHVH deur ons die mense om ons kan bereik. Daarom kan dit gebeur dat YHVH by tye ons kan vra om vervolging, lyding, gebrek, ensovoorts terwille van ander te verduur. Dit is juis vir die doel wat YHVH Israel gekies het. Hulle is gekies as voorbeeld en waarskuwing aan ons op wie die einde van dae gekom het (1 Kor. 10:1 tot 6) *totdat die volheid van die heidene ingegaan het en die hele Israel gered sal word* (Rom. 11:25 en 26).

As huis van Efraim weet ons dat die sondes van ons voorvaders, asook ons eie sondes, die oorsaak is dat ons verspreid oor die aarde is. Terwyl ons verlang om met die huis van Juda verenig te word, en om na die Beloofde Land (Israel) terug te keer, moet ons beseft dat daar 'n doel is hoekom hierdie profesië nog nie vervul is nie. Ons is geroep en aangestel om terwille van ons medemens Torah-gehoorsaam te lewe sodat daar by elkeen die verlange gewek kan word om 'n verandering van hartsgesindheid te ondergaan. Ons lewe Torah-gehoorsaam as 'n getuie en bevestiging van die belofte soos in Eseg. 11:19 en 20 geskryf staan:

En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge (Torah) kan wandel en my verordeninge (Torah) kan hou en dit doen; en hulle sal vir my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees.

Ons Torah-gehoorsaamheid dien ook as getuie van die profesie in Jer. 31:33 en soos in Heb. 8:10 bevestig word:

Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die YHVH: Ek sal my wette (Torah) in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Bepeins of Bespreek

1. Volgens bogenoemde is die vraag: Kan YHVH die hartsgesindheid van 'n persoon verander of slegs omstandighede skep om 'n persoon te probeer beïnvloed? Die vraag is dus: Maak dit sin om te bid dat YHVH die hart van 'n persoon moet verander of moet ons eerder vra dat YHVH die omstandighede sal skep om 'n persoon te beïnvloed om sy harde hart te verander? Hiermee saam die vraag: Maak dit sin om Satan te bind sodat hy nie tot die hardheid van 'n persoon se hart bydra nie. Wat van 2 Kor. 10:3 tot 6 – neem elke gedagte gevange?
2. Het ons almal nie maar steeds 'n stukkie van Farao in ons nie? Hoe verder ons buite YHVH se wil beweeg, hoe meer sal ons harte verhard. Onthou: Die 'afstand' (geestelike gemeenskap) tussen ons en die Vader-God word deur ons bepaal. Elke tree van ongehoorsaamheid is 'n tree weg vanaf die waarheid en 'n toename in die hardheid van hart.
3. In die lig daarvan dat die tien plae nie net YHVH se oordeel (strafgerigte) is nie, maar ook van Sy liefde en genade teenoor Egipte getuig, asook gesien in die lig daarvan dat YHVH geen behae in die sterwe van 'n sondaar het nie, kan ons wel vra hoe teksverse soos Mal. 1:2 en 3, asook Rom 9:13, waar dit sê dat YHVH vir Jakob lief gehad het, maar vir Esau gehaat het, dan verklaar moet word? Hierdie teksverse veroorsaak verwarring en selfs misleiding soos byvoorbeeld die uitverkiesingsleerstelling. Bepeins of bespreek dit in die lig van ondermeer teksverse soos Matt. 22:37 tot 39; Luk. 14:26; Joh. 12:25 en 1 Joh. 2:9 en 11. Is die betekenis van *haat* nie om minder lief te hê nie?
4. Die mens wat nie die wil van YHVH in totaliteit aanvaar nie, is 'n vyand van YHVH en word deur God gehaat, want hy dien die god van sy eie wil. Verwys Jak. 4:4. Om God waarlik lief te hê is om gehoorsaam te wees (Joh. 14:22 en 23). Ongehoorsaamheid is ongeregtheid (sonde – 1 Joh. 3:4) en is om God te haat!! Lees Deut. 7:10; Ps. 5:6; Ps. 11:5 tot 7. Onthou: Ons kan nie twee meesters dien nie (Matt. 6:24). God laat Hom nie bespot nie, want dit wat jy saai..... (Gal. 6:7 en 8). Saai jou eie wil en dit wat jy oes is 'n hardheid van hart.

5. Faraon is die voorbeeld (afbeelding) van die talle politieke leiers en staatshoofde deur die eeue heen wat YHWH gehaat het en wie se harte (hartsgesindheid) dus deur YHWH versterk (verhard) was/is. Moses is die voorbeeld van 'n volksleier wat YHWH tot die dood toe lief gehad het.

Ex. 7:5 – Die Tien Plae en die Eindtye

Dan sal die Egiptenaars weet dat Ek YHWH is, as Ek my hand oor Egipte uitstrek en die kinders van Israel tussen hulle uitlei.

Met die bestudering van Torah sien ons altyd 'n patroon wat YHWH vestig en wat weer herhaal sal word. Daarom word die einde deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9 en 10). Die vraag is dus of die tien plae wat Egipte getref het 'n patroon (bloudruk) vorm van wat in die eindtyd verdrukking soos in Openbaring geprofeteer word, ook gaan gebeur?

Eerstens moet ons vra of Israel al 10 plae vrygespring het? Volgens die Skrifte blyk dit dat Israel die eerste drie plae (bloed in water, paddas en steekvlieë) ook moes verduur! Daarna het YHWH 'n onderskeid gemaak tussen Israel en die Egiptenare. Israel was op 'n bonatuurlike wyse beskerm terwyl hulle in Egipte was! Die tien plae kan gesien word as YHWH se strafgerigte, terwyl YHWH se gramskap gesien word in die vernietiging van die Egiptiese weermag, en daarmee as te ware die hele Egipte, by die Rooisee. Tydens die vernietiging van Egipte was Israel weggenem ('weggeraap') uit Egipte en het veilig aan die oorkant van die Rooisee YHWH se gramskap aanskou!

Die profetiese rede van Yeshua in Mattheus 24 kan verdeel word in die *Verdrukking* (Grieks: *thlipsis*) (verse 4 tot 20) gevolg deur die *Groot Verdrukking* (Grieks: *mega thlipsis*) (verse 21 tot 28) en daarna die *Gramskap* (grimmigheid; toorn. Grieks: *Orge* of *Thumos*) van YHWH (verse 29 en 30). Volgens die Skrifte sal die wat die gebooie (Torah) van YHWH bewaar en die getuienis van Yeshua Messias hou, wel die toorn (gramskep) van God gespaar word deur weggeraap te word (1 Thess. 1:10 en 5:9; Open. 12:17). Daarom sê Yeshua in Matt. 24:31 die volgende:

En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Die wegraping van die Torah-gehoorsame gelowiges in Yeshua blyk dus plaas te vind na die groot verdrukking en voor die gramskep van YHWH wat sal eindig in die slag van Armageddon wanneer Yeshua, saam met Sy bruid, terugkeer (die wederkoms). Hierdie gebeure kan vergelyk word met die sewe seëls en die sewe basuine van Openbaring 6 tot 11 wat gevolg word deur die wegraping en die toorn (gramskep) van YHWH met die laaste sewe plae (skale) van Open. 15 en 16 en die vernietiging van Babilon (Open. 17 tot 19). Hierdie laaste gebeure gaan gepaard met die wederkoms van Yeshua en Sy Bruid en wat die begin van die Millennium sal wees..

Bepeins of Bespreek

1. Wat is die profetiese implikasie hiervan? Wat gebeur met die kinders van YHWH in die eindtye gedurende die tydperk van die verdrukking (YHWH se strafgerigte) en tydens die tydperk van die gramskep (toorn, *wrath*) van YHWH? Verwys Matt. 24:29 tot 31; 1 Thess. 1:10 en 1 Thess. 5:9; Open. 11:14 tot 18 en Open. 12:13 tot 17.

2. Is daar ander voorbeelde waar YHVH se volk ‘verdrukking’ moes verduur tot op die punt waar verdrukking (strafgerigte) oorgegaan het tot die gramskap van YHVH?
 - ❖ Wat van Noag wat vir 120 jaar ‘verdruk’ was terwyl hy in gehoorsaamheid aan YHVH die ark gebou het? Nadat Noag en sy gesin in die ark ingegaan het, het dit eers na sewe dae begin reën. Verwys dit na die sewe jaar van die verdukking? Toe YHVH se toorn (gramskep) op die mensdom gekom het, was Noag en sy gesin in die ark (van Torah-gehoorsaamheid) bewaar (‘weggeraap’)!
 - ❖ Wat van die treitering wat Lot in Sodom moes ondergaan voor sy redding van YHVH se finale oordeel van swael en vuur oor die stad (2 Pet. 2:7).
3. Sien ons die patroon (bloudruk) tussen wat Israel in Egipte verduur het en wat Israel (albei huise) in die eindtye sal moet verduur? Hoekom laat YHVH toe dat Sy kinders deur die verdrukking (of gedeelte daarvan?) gaan, maar skei hulle (neem hulle weg) van die wêreld wanneer Sy gramskep uitgestort word? Was Israel se grootste beproewing nie gewees toe hulle tussen die Rooisee en die Egiptiese weermag ‘vasgekeer’ was nie? Gaan Vader-God ons vertrou in Hom nie ook met die groot verdrukking beproef nie? Is die doel van vervolging en verdrukking nie juis om YHVH Yeshua beter te ken, asook die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan Sy lyde, terwyl ek aan Sy dood gelykvormig word (Fil. 3:9 en 10)?
4. Het die verdrukking nie al reeds begin nie? Kyk om jou en wat in die wêreld gebeur, soos byvoorbeeld dat sowat 50 000 Christene wat jaarliks ‘n marteldood sterf? Volgens sommige het die verdrukking waarna Yeshua in Mattheus 24 verwys het, begin met die vernietiging van die tempel in 70 nM!? Is dit waar?
5. Die vraag wat nog baie lank gedebateer sal word, is of die gelowiges in Yeshua voor, gedurende of na die verdrukking weggeraap sal word? Miskien is die meer belangrike vraag: Wie gaan weggeraap word? Hierdie vraag word beantwoord in ‘n skrywe met die opskrif *Hy wat die Antimessias Teëhou* en wat afgelaai kan word by:

<http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/04/Sep10AntiMessiasTeehou.pdf>

6. Laastens moet ons die vraag vra: *How is it possible, within the evangelical Bible believing community, that there is such disparity and disagreement concerning the Rapture? How is it that this word has become the symbol of hope to some and represents misplaced hope to others? (Rapture: The misplaced Hope – Monte Judah; Lion and Lamb Ministries). Monte Judah gee ondermeer die volgende rede hiervoor: The average believer has not studied the Rapture independently in the Scripture; instead, they have read their preferred teacher's books and out of respect for that teacher have decided to give him the benefit of doubt. This respect is embodied in the words, "Besides, he has studied it more than I have."*

Midrash Haftarah (Haftarah Bespreking)

Eseg. 28:25-29:21 – YHVH is God

Mensekind, rig jou aangesig teen Farao, die koning van Egipte, en profeteer teen hom en teen die hele Egipte. Spreek en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Farao, koning van Egipte, jou groot draak wat in jou strome lê, wat sê: My stroom is myne, en ek het dit vir my gemaak. Eseg. 29:2 en 3.

Hierdie week se Haftorah Skriflesing is ondermeer 'n les van YHVH se siening van die mens se verwaandheid en selfvoorsienende houding.

Die agtergrond tot Esegïel se profesie aangaande die vernietiging van Farao en Egipte, moet gesien word in die lig daarvan dat die Nylrivier een van die belangrikste gode van Egipte se verskeidenheid afgode was. Egipte was afhanklik van die Nylrivier vir hulle bestaan en vir hulle rykdom. Omrede Egipte 'n landstreek met 'n baie lae reënval is, het hulle reeds in die dae van Moses 'n baie gevorderde besproeiingstelsel ontwikkel om die landerye en boorde van water te voorsien.

Die Egiptenare het die Nylrivier as hulle god Hapi van voorsiening en vrugbaarheid aanbid. Hy was ook bekend as die *here van die visse en voëls*. Die koning (farao) was egter god van die gode en is daarom aanbid as die eintlike bron van goedheid en van voorsiening, asook vir die kundigheid om die Nylrivier effektief te benut en te beheer. In die lig hiervan kan ons nou die woorde van die profeet Esegïel verstaan:

*So spreek Adonai YHVH: Kyk, Ek het dit teen jou, o Farao, koning van Egipte, jou groot draak wat in jou strome lê, wat sê: **My stroom is myne, en ek het dit vir my gemaak.** Eseg. 29:3*

Farao het dus 'n verwaande en selfvoorsienende houding gehad. Die Egiptenare het Farao en die Nylgod as hulle gode van voorsiening aanbid. Farao was 'n selferkende god van sy eie wil en vermoë. Hierop het YHVH Skepper-God deur Esegïel gereageer met die woorde:

Maar Ek sal hake in jou kakebene slaan en die visse van jou strome aan jou skubbe laat klewe; en Ek sal jou uit jou strome optrek, saam met al die visse van jou strome wat aan jou skubbe klewe. En Ek sal jou wegwerp in die woestyn, jou en al die visse van jou strome; op die oop veld sal jy val; jy sal nie bymekaargemaak of versamel word nie; aan die wilde diere van die aarde en aan die voëls van die hemel gee Ek jou as voedsel. En al die inwoners van Egipte sal weet dat Ek YHVH is, omdat hulle vir die huis van Israel 'n rietstok is...

En Egipteland sal 'n wildernis en puinhoop word, en hulle sal weet dat Ek YHVH is. Omdat hy sê: Die Nyl is myne, en ek het dit gemaak... Eseg. 29:4 tot 6 en 9

Die Farao in die tyd van Moses het ook hierdie verwaande en selfvoorsienende houding openbaar. Hy het homself beskou as die god van die gode wat nie net deur die Egiptenare nie, maar ook deur die god van die Nyl aanbid en vereer moet word. Hierdie houding was die wortel van Farao se hardheid van hart. Daarom het YHVH aan Moses gesê:

Gaan môre vroeg na Farao toe – kyk, hy sal uitgaan na die water; staan dan aan die kant van die Nyl om hom te ontmoet; en neem die staf wat in 'n slang verander het, in jou hand, en sê vir hom: YHVH, die God van die Hebreërs, het my na u gestuur met die boodskap: Laat my volk trek, dat hulle My kan dien in die woestyn. Maar kyk, u het tot nou toe nie geluister nie. So spreek YHVH: Hieraan sal jy weet dat Ek YHVH is. Kyk, ek sal met die staf wat in my hand is, op die water slaan wat in die Nyl is, en dit sal in bloed verander word. En die visse in die Nyl sal doodgaan, sodat die Nyl sal stink. En die Egiptenaars sal vergeefs trag om die water uit die Nyl te drink. Ex. 7:15 tot 17

Farao het egter sy 'godheid' gedemonstreer deurdat sy towenaars dieselfde gedoen het met hulle towerkunste, sodat Farao se hart verhard is (Ex. 7:7). Farao het dus nie ag gegee op die waarskuwing dat die enigste bron van ware voorsiening YHVH die Skepper-God is nie. Verder het die Farao in Moses se tyd die les wat Farao in Josef se tyd geleer het, naamlik dat YHVH die

voorsiener (*El Shaddai*) in die vet (sewe, voorspoedige, oorvloed) jare, sowel as in die maer (sewe, hongersnood) jare is, vergeet (Gen. 41:29 tot 31). Verwaandheid en ‘n gesindheid van aangewese-op-myself het Farao se hart verhard. Die gevolg hiervan sal YHVH se strafgerigte teen Egipte vir 40 jaar lank wees (Eseg. 29:11).

Esegiël profeteer dus dat daar ‘n dag in die lewe van Farao, en van elke verwaande en selfaangewese nasie en mens sal kom waar die strafgerigte van YHVH teen elkeen sal ontvlam en waar elkeen uiteindelik sal erken dat YHVH die enigste en ware lewende God is. Uiteindelik sal almal erken dat YHVH se Naam ook *El Shaddai* is – die enigste en ware voorsiener van alles wat ons het en is.

Weet daarom vandag en neem dit ter harte: , יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie. Deut. 4:39 (PWL Vertaling).

Luister, Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een. Deut. 6:4 (PWL Vertaling)

Daarom,, weet ons dat ‘n afgod niks in die wêreld is nie en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een, want al is daar ook sogenaamde “gode,” of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar dan ook baie “gode” en baie “meesters” is, is daar vir ons Een: God-die-Vader, vanuit Wie alles is en ons is in Hom; Een יהוה –Yeshua, Die Gesalfde Een, want alles is deur Hom en ook ons is in Sy hand. 1 Kor. 8:4 tot 6 (PWL Vertaling).

Bepeins of Bespreek

1. Wil ons nie graag almal in beheer van elke situasie in ons lewens wees nie? Het voorspoed die geneigdheid om jou te laat voel dat jy in beheer is? Het ons nie maar almal nog ‘n stukkie van Farao in ons nie? Is beproewinge se doel om ons daaraan te herinner dat YHVH Yeshua in beheer is, en nie ons nie?
2. Hierdie week se Haftorah is ‘n herinnering dat ons slegs ‘n beperkte rol speel in ons eie voorspoed en suksesse! Dit is ‘n herinnering dat YHVH ons eie pogings sal seën indien ons Hom as die bron van voorsiening erken. Yeshua is die Brood van Lewe van gees, siel en liggaam!

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete


Johan

E-pos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

Bylaag 1: GELOOF EN GEHOORSAAMHEID



Notas:

- YHWH se patroon in ou en nuwe verbond is: Eers geloof tot redding dan volg gehoorsaaamheid om geseën te word. Lees ook 2 Tim. 3:14 en 15 – ou verbond leer van redding deur geloof in Messias.
 - ❖ Abraham: Gen.15:6, geloof. Gen. 26:4 en 5, gehoorsaaamheid
 - ❖ Israel: Geloof in paaslam en bloed aan deurkosyne was hul redding. As gered (geregverdig) by Sinai aangekom en toe Torah onvang om in regte verhouding te lewe en geseën te word.
- Geregtigheid beteken om in die regte verhouding (sonder sonde) te wees. Deur gehoorsaaamheid bly ek in die regte verhouding en word ek geseën.
- Sonder wet is daar geen sonde (Rom.3:20; Rom. 4:15; Rom. 5:13; Rom. 7:8). Indien wet opgehef is kan daar nie sonde wees nie. Dus wet is nie opgehef nie, maar geloof bevestig juis die wet (Rom. 3:31). Paulus bevestig wat Yeshua in Matt. 5:17 gesê het.
- Sonde is wetteloosheid (ongeregtigheid)(1 Joh. 3:4) en dus oortreding van Torah.

Opsommend:

Geloof → Geregtigheid. Keuse is dan:

Gehoorsaaamheid → Seëninge
 of
 Ongehoorsaaamheid → Vloeke } Deut. 28:1 tot 68

Geregtigheid + Gehoorsaaamheid = Heiligmaking, waarsonder ons nie die Koninkryk sal sien nie (Heb. 12:14)

Dit is die patroon wat YHWH in Torah gevestig het.
 Goeie werke (werke van die wet) is die bewys van my geloof (Jak. 2:14 tot 26; geloof +dade)

Torah-gehoorsaaamheid lewer 'n goeie oes van die vrug van die Gees en teen sulke dinge is die wet nie (Gal. 5:22 en 23). Moedswillige ongehoorsaaamheid aan Torah lewer egter 'n oes van die werke van die vlees en die wat sulke dinge doen sal nie die Koninkryk van God beërwe nie (Gal. 5:19 tot 21).